

**6 Februarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 17:1-18:16 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Genesis 18:9-15**

### **Van twyfel tot geloofsvertroue**

Sara moes elke keer van Abraham hoor wat God belowe het. Nou maak die Here seker dat sy die belofte self hoor. Maar Sara lag vir God se belofte! Sy het dit al so baie gehoor dat sy nie meer opgewonde daarvoor kan raak nie. Daarby sê die harde werklikheid iets anders. Sy is al te oud om kinders te hê. Sy weeg die belofte teen die feite op. Haar gevolgtrekking? Onmoontlik! Maar geloof wil jou lei om dieper en verder as die harde feite te kyk. Geloof eis dat jy die God wat die belofte gee, moet raaksien en Hom ten volle vertrou.

Die harde werklikheid laat Sara lag vir God se belofte. Wat 'n verskriklike gedagte! Wat gaan die Here doen? Hy lei Sara na vertroue deur kennis van Homself en van haar eie sonde. Sara verstaan dat sy met die almagtige, alwetende God te doen het. En sy is bang. Daarom ontken sy dat sy gelag het. Dan word die menslik onverstaanbare grootheid van God se geduld sigbaar. Hy herhaal dat Hy weet dat sy gelag het. Hierdie herhaling laat Sara swyg. Nou weet sy dat die belofte waar is. Twyfel het tot geloof gegroei.

God se Woord is genoeg om jou twyfel te verdryf. Die Heilige Gees werk sekerheid in jou hart, want Hy lei jou weer terug na God se beloftewoord. Hy wys vir jou die Woord wat mens geword het om jou twyfel tot sekerheid te laat groei.

Sing: Psalm 119:12,26

Ds AP Krüger (Postmasburg)